9 Mei 2019

Geagte Ouer

UITREIK-AKSIE EN GEE-WEEK

Op Vrydag, 17 Mei vertrek die meeste seuns na Grey Kollege. Ons wil vir dié wat agterbly die geleentheid gee om in skooltyd op ‘n kort uitreik-uitstappie te gaan, om sodoende ‘n diens te lewer of dalk net ‘n bietjie lewenservaring op te doen. Die seuns is onder geen verpligting om saam te gaan nie, maar die wat wil, glo ek, sal dit sinvol vind.

Daar word twee uitstappies beplan na:

- **Laerskool Generaal Nicolaas Smit**, waar ons reeds die laaste vyf jaar betrokke is. Affies gee daagliks vir 360 kinders uit swak sosio-ekonomiese omstandighede ‘n gebalanseerde bord kos. Ervaring het geleer dat ons seuns meer begrip het vir hierdie projek as hulle eers self daar was.

  Ons beplan om tydens die laerskool se pouse daar te kuier, bietjie sokker te speel, en saam met hulle te eet. Elke Vrydag is hamburgerdag - ‘n groot aantrekkingkrag. Daarna wil ons graag ‘n draai deur die gemeenskap van Pretoria-Wes ry en by een of twee instansies aandoen.

  Die uitstappie sal ongeveer vier ure duur, maar ons sal teen eenuur terug wees by die skool.

- **Wetnose**, ‘n organisasie waar verwaarloosde diere beskerm en gerehabiliteer word. Slegs 30 seuns sal die voorreg hê om saam te gaan. Vir ‘n uitstappie na Wetnose moet ‘n vrywaringsvorm ingevul word. Die skakelpersoon hiervoor is me. Leneldi van Jaarsveld (leneldi.vanjaarsveld@affies.co.za) .

Ons hou jaarliks by twee geleenthede ‘n groot **GEE-WEEK**, wat ons graag met hierdie uitreike wil kombineer. Met die winter op hande kan ons as Affie-gemeenskap werklik ‘n verskil in die gemeenskap van Pretoria-Wes maak. Al gaan u seun dus Grey Kollege toe, kan u stéeds hierby betrokke wees.

Ons GEE-WEEK is **13 tot 17 Mei** en in hierdie tyd kan u klere (veral warm baadjies, truie, skoene) en komberse skool toe te stuur. Lekkers of suigstokkies is ook iets waarmee ons hulle graag wil bederf. Ons kan nog tot Vrydagoggend 17 Mei skenkings ontvang.

U kan dus van Maandag 13 Mei af **enige nie-bederfbare produkte** skool toe stuur**:** mieliemeel, koekmeel, suiker, koffie, tee, pasta, rys, soppoeier, blikkieskos, langlewe-melk, skoonmaakmiddels, seep, ens. Die skool maak pakkies op om gedurende die Julievakansie aan behoeftige gesinne te gee. Vleis is ook welkom, aangesien daar genoeg vriesgeriewe is. Produkte, sowel as klere, kan by die skool se ontvangskantoor of by K33 (Leeslaboratorium) ingegee word, of in die houer op die vierkant geplaas word.

Ek vertrou dat die skenkings soos voorheen sal instroom, sodat ons daar waar ons kan, LIG kan bring.

Affie-groete

Marlene du Toit

marlene.dutoit@affies.co.za